

Waar gaan die beleggings vandaan kom?

MET erkenning aan die psalmdigter wil 'n mens jou oë opslaan na die kapitaalmarkte van die wêreld en vra, waar sal die beleggings vir SA tog vandaan kom?

Vaste beleggings, of investering soos die ekonome verkies om dit te noem, is die dryfkrag van die ekonomie. 'n Ekonomie sonder investering is soos 'n dans sonder musiek. Dit is egter ook waar dat as 'n mens goeie musiek het, jy nie outomaties 'n lekker dansparty kry nie. Maar sonder die musiek kan jy nie eers begin praat van 'n dans nie.

SA het op die oomblik te min investering. Dit beloop ongeveer 15% van bruto binnelande produk (BBP) – heelwat minder as die 20% plus wat nodig is om 'n groeikoers van 4% tot 5% te genereer.

In die middeljare tagtig was investering meer as 22% van die BBP -- van 1983 tot 1987 was die gemiddelde 22.6%. Maar in dieselfde vyf jaar het die ekonomie gemiddeld teen minder as 1% gegroei, wat maar net bevestig dat investering alleen nie genoeg is nie; musiek alleen maak nie 'n goeie dansparty nie.

Verskeie ander invloede speel ook 'n rol, soos die doeltreffendheid van investering. R10 miljard belê in Mossgas tel as investering, maar dieselfde R10 miljard belê in 'n platinummyn sou meer ekonomiese groei gelever het.

Vandag bedra investering 15% van die BBP en die ekonomie groei teen 'n raps meer as 3%. Investering is laer as in die jare tagtig, tog groei die ekonomie vinniger. Dit lyk dus asof daar nou 'n produktiewer verhouding tussen investering en groei is.

Hierdie beter verhouding is grotendeels te danke aan globalisering en die oopmaak van die SA ekonomie.

Globalisering bring groter doeltreffendheid mee. Ons kry dus 'n beter groei-opbrengs op die geld wat ons wel investeer.

Aangesien die beter verhouding egter klaar bestaan, sal ons die groeikoers net verby 3% kan druk as investering aansienlik bo die huidige 15% van BBP styg.

En waar gaan dit vandaan kom?

Daar is vandag min sektore van die SA ekonomie wat nie met 'n surplus aan produksievermoë sit nie. Daar is meer as genoeg winkels in die kleinhandelsektor om die publiek van goedere te voorsien; genoeg lugdienste; genoeg drukkerye, tydskrifte en koerante. Die bank-, meubelhandel- en suikersektore wou hulself in die afgelope tyd rasionaliseer weens te veel onbesette vermoë, maar hulle is deur die mededingingsowerhede gestop. Die lys is nog langer.

Waar gaan entrepreneurs dan belê as daar reeds onbenutte vermoë is?

'n Deel van die antwoord lê natuurlik in groter uitvoer. Die motorbedryf voorsien meer as genoeg motors en onderdele vir die SA mark. Tog investeer hulle meer sodat hulle geselekteerde produkte hiervandaan kan uitvoer. Die landbou-sektor voer ook al meer uit. SA se uitvoer is besig om te styg. Maar die hele wêreld probeer natuurlik uitvoer. Mededinging is baie straf – vra maar vir die vrugteboere.

Dus, alle investering kan nie net op uitvoer gegrond wees nie.

Daar is wel nog groot dele van die SA ekonomie waar daar heelwat ruimte is vir investering. Dit is daardie sektore waar die staat (tot dusver) monopolieë gehandhaaf het en die private sektor uitgesluit het. Dit wissel van die ooglopende soos telefone en elektrisiteit tot tradisionele munisipale funksies en wildtuine.

Johannesburg se munisipaliteit het onlangs sy gaswerke vir R110 miljoen aan 'n Amerikaanse maatskappy verkoop. Die nuwe eienaars gaan 'n verdere R276 miljoen belê. Kleingeld in terme van investering, maar dit illustreer die beginsel.

Volle privatisering, soos met die Johannesburgse gaswerke, is nie altyd nodig nie. Deregulering is eintlik belangriker. Dit maak die deure oop vir private maatskappye om in te kom en te kom belê.

Plaaslike owerhede aan die Noordkus van Natal het hul watervoorsiening op 'n konsessie van 30 jaar uitgekontraakteer. Die private maatskappy moet investeer om sy verpligtinge onder die konsessie na te kom. In Khayelitsha naby Kaapstad is vullisverwydering aan 'n private entrepreneur uitgekontraakteer. Hy moet investeer om die kontrak te kan uitvoer.

Dr. Anton Rupert is (op 84!) besig om amper man-alleen 'n hele nuwe bedryf te skep rondom vredesparke oor landsgrense heen – tradisioneel 'n monopolie van die openbare sektor. Beleggings in vredesparke kan ekonomiese groei van tot 2% per jaar genereer. Vergelyk dit met ons huidige groeikoers van net meer as 3%. Selfs al genereer die vredesparke net die helfte van daardie 2% ...

Dit lyk asof pres. Thabo Mbeki hierdie ontwikkelinge baie sterk steun. In 'n onlangse onderhoud met die *London Financial Times* het hy gesê dat die regering Telkom, Escom en Transnet so wil herstruktureer dat meer privaatsektor-beleggings na die telekommunikasie-, elektrisiteit- en vervoersektore gelok kan word.

Mbeki soek nie net beleggings nie, maar ook mededinging wat koste sal verlaag. Hy wil graag sien dat die internet goedkoper word; dat die hawens se tariewe val sodat in- en uitvoerders daaruit voordeel kan trek; dat elektrisiteit

goedkoop voorsien word om meer beleggings soos dié in die groot aluminiumfabrieke aan die Ooskus aan te help en so meer.

Mbeki het dit duidelik gestel dat hierdie herstrukturering sal voortgaan ten spyte van teenkanting deur Cosatu.

Daar is 'n legio moontlikhede wat baie miljarde se investering na SA kan bring. Die moontlikhede lê in die omgewing om ons. Soos dr. Rupert, moet ons meer doen om hulle ontgin. Dan kan ons, soos die psalmdigter, ons oë met hoop opslaan.

Oorspronklik in Insig gepubliseer, Januarie 2001.